# Argeologiese Navorsing op Doornpoort 19, Winburg

# KLIPMURE VERTEL VERHALE

J.J.B. Dreyer

Bouvalle het nog altyd die belangstelling van mense geprikkel. Die oorsprong daarvan word soms in 'n mistieke vaagheid gehul. Die klipkraalruïnes van die Vrystaat het ook nie agterweë gebly nie en verhale van pigmieë wat die kliphuisies bewoon het word onder andere vertel. Nuuskierigheid omtrent die hutte en die bewoners het noodwendig tot meer intensiewe ondersoeke gelei.

In 'n vorige aflewering is kortliks verslag oor opgrawings op Doornpoort by Winburg gedoen. Die navorsing het geleer dat die bewoners van hierdie terrein hul self ordelik in wooneenhede gevestig het. Elke eenheid het bestaan uit veekrale, kleiner klipstrukture en hutte. Oor die hutte, wat op 'n besondere wyse gebou was, is daar reeds vroeër meer breedvoerig berig.

**Veekrale:**
Vee het onder tradisionele omstandighede 'n baie belangrike rol in die lewe van die swartman gespeel. Dit was sy rykdom en status, bron van voedsel, middele om huwelike te sluit, offerdiere en vele meer. Die besondere uitleg van die wooneenhede dui dus op 'n moontlike verband tussen die waarde van vee en die byna beskermde plasing van die veekrale. Dit onderstreep ook die toewyding en sorg waarmee vee opgepas en beskerm is. Die uitleg van die wooneenhede is van so 'n aard dat die vee waarskynlik langs 'n bepaalde roete die stat binnegebring is om te verhoed dat die woon- en leefareas binnegedring en gebruiksartikels vertrap word. In enkele gevalle is die kraalmure teen mekaar gebou of deur verbindingsmure aanmekaar geskakel - 'n verdere maatreël wat waarskynlik bedoel is om die beweging van die vee te beheer en om te sorg dat mens en dier in harmonie saamwoon.

Klipmure is volgens 'n bepaalde tegniek gebou. Die twee buitekante van die mure is eers gepak van die beskikbare onbewerkte materiaal uit die omgewing, waarna die opening tussenin algaande met kleiner, los klippe opgevul is. Fondamente het bestaan uit groter klippe wat bloot op die grond geplaas is. Die krale is rofweg rond of ovaalvormig. Reghoekige strukture was aan hierdie mense onbekend. Die kraalhek is smal met 'n duidelike drumpelklip op die grond. Die punte van die mure is nie uitsonderlik afgerond nie en eindig soms taamlik ru.

Groottes van die krale wissel tussen 5,0 tot byna 36 m. Die aantal veekrale per wooneenheid wissel van een tot drie of selfs meer. Dit is duidelik dat sommige krale te klein is vir die hantering van grootvee en dit lyk dus logies dat dit gebruik was vir kleinvee of kalwers. Of daar wel skape of bokke op die terrein teenwoordig was, sal na 'n ontleding en identifikasie van die beenreste uit die opgrawings duidelik wees.

Afgesien van die voor-die-hand-liggende gebruik om vee te beskerm en te beheer, het die krale ook nog ander gebruike gehad. Uit die aard van die sentrale ligging binne die wooneenheid, was dit die bymekaarkomplek van die mans (*kgotla*), waar sake bespreek, regspraak gelewer, seremonies afgehandel en offerandes plaasgevind het. Die kraal het ook as begraafplaas gedien aangesien dit die gebruik by die Sotho was om manspersone onder die kraalmuur te begrawe. Daar is egter geen grafte van volwassenes op Doornpoort gevind nie.

In die dele waar geskikte natuurlike plantegroei ontbreek, het beesmis sekerlik 'n belangrike bron van vuurmaakgoed voorsien. By sommige van die krale is die vloeroppervlakte binne die kraal opmerklik laer as die algemene grondvlak buite. Hierdie verskynsel is ook deur ander navorsers waargeneem en gee aanleiding tot die vraag of dit doelbewus so gemaak is om die vee binne te hou en of dit die resultaat is van voortdurende verwydering van die kraalmis vir brandstof.




*'n Voorbeeld van die klipbouwerk van een van die veekrale wat baie goed bewaar gebly het.*



*Hier kan duidelik gesien word dat die muur uit drie dele bestaan. Die groter klippe aan die buitekant met die opvulling van kleiner klippe in die middel.*



*Oorblyfsels van een van die kleiner klipstrukture met die gesmeerde kleivloer duidelik sigbaar.*




'n Plantekening van een van die wooneenhede. Die veekrale en kleiner klipstrukture word aangetoon. Die pyle toon die ingange vir die vee aan. Woonhutte was waarskynlik rondom die krale geleë.

Veekrale soos op Doornpoort 19, is duidelik 'n belangrike deel van die nalatenskap van die bewoners van die terrein. Dit het dus in hul algemene alledaagse lewensgang sowel as in uitsonderlike bedrywighede 'n vername rol gespeel.

**Kleiner klipstrukture:**
Kleiner klipstrukture is gewoonlik effens buite die kring van veekrale gebou, maar tog nog naby of in assosiasie met laasgenoemde. Hoewel die kleiner strukture wat grootte betref, verskil volgens deursnee (dit wissel tussen 1,50 m tot ongeveer 4,0 m) van die groter krale, is dit van dieselfde materiaal op basies dieselfde wyse gebou. In die meeste gevalle is daar 'n groter aantal kleiner strukture, gewoonlik rond of ovaalvormig. Vermoedelik het dit ook gedien as slaapplek vir kleinvee of kalwers.

Op Doornpoort is daar egter tydens die opgrawings in sommige van hierdie strukture duidelike oorblyfsels van gesmeerde kleivloere gevind. Dit beteken dat hierdie woonhutte kon gewees het wat moontlik van 'n grasdak voorsien was. Bevestiging vir so 'n bewering is moeilik, aangesien daar niks van die dak bewaar gebly het nie. Ander navorsers in die Vrystaat noem egter dieselfde moontlikheid van kliphutte met lae mure en gesmeerde kleivloere en grasdakke as woonplek van die veewagters. In gevalle soos hierdie berus die verklaring van 'n bepaalde verskynsel dus bloot op omstandigheidsgetuienis.

Alhoewel daar nie antwoorde op al die vrae en verklarings vir alle verskynsels deur middel van die opgrawings verkry kan word nie, word baie interessante gegewens tog wel verkry oor die lewenswyse van hierdie bewoners wat nie hulle geskiedenis in skrif nagelaat het nie. Op hierdie manier is dit moontlik om aan hulle ook 'n plek in die verlede te gee.